NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

PASTORALE BRIEF

MEI 2021

Die vrug van die Gees (iii): vrede

Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Galasiërs 5:22-23

Saam met die vreugde wat Jesus daardie laaste dae vir sy dissipels belowe het, het Hy nog iets belowe wat ook deel van die vrug van die Gees is - vrede. Vrede is seker die kosbaarste van alle dinge, as jy kyk hoe desperaat mense dit najaag, en in allerhande dinge soek. Maar niks daarvan lewer blywende vrede op nie. Sodra jou situasie verander, verdwyn jou vrede, en moet jy maar weer van voor af daarna soek. Maar dis glad nie hoe Jesus se vrede werk nie. Luister maar wat belowe Hy self in Johannes 14:

"Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie..." Ek onthou vandag nog hoe my een dosent op kweekskool dit vir ons verduidelik het: Jesus se vrede staan nie reëlreg teenoor die onvrede van ons wêreld nie. Dit staan selfs reëlreg teenoor de wêreld se *vrede...* Dit is iets totaal anders, want hierdie vrede is bo-natuurlik. Dis 'n stukkie van die hemel, en dis wat die Gees vir elkeen gee wat oorgegee aan die Here lewe! Niemand kan dit verstaan nie, want ook dit hou geen verband met jou omstandighede nie - dit setel in die feit dat jy God as Vader het, en dat jy veilig is by Hom. En hierdie bo-natuurlike vrede wil die Gees toenemend in jou kweek - as jy Hom toelaat.